INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 1 LEESBEGRIP

1.1 Die voornaamwoord "ons" in die titel veronderstel dat die leser deel is van die groep met en van wie gepraat word en die (retoriese) vraag in die eerste paragraaf dien ook om die leser te betrek en te laat wonder oor die nalatenskap van die een-en-twintigste eeu.

1.2 Dis gedagtes/idees/veronderstellings waaroor die skrywer dink/wonder/ bespiegel.

1.3 Voorbeeld: Eindtyd verdoemings. Laat ruimte vir gepaste eie pogings. Sou die kandidate met iets soos "eindtyd pornografie" vorendag kom ten spyte van die stipulasie wat gegee is, m.a.w. ‘n meer letterlike vertaling gee, kan slegs ‘n halfpunt oorweeg word.

1.4 Om werklik by die vroegste tye te begin, sou die teks gekompliseerd maak/ vraagtekens laat. Hy begin dus by 'n punt waarmee die meeste lesers sou kon identifiseer./Die tyd van die eerste Christene is waar ons tydtelling begin./ Die apokaliptiek in die Bybel spreek ook van so ‘n katastrofale eindtyd.

1.5 Die boodskap van die paragraaf lê in die slotsin – nie een van hierdie voorspellings van die doemprofete het toe waar geword nie. Woorde soos "vrese", "bohaai", "kamtig" en selfs "apokaliptiese" dui daarop dat hierdie voorspellings onnodig opgeblaas is. Die kandidaat hoef nie al die woorde te noem nie – die vraag vereis dat meer as net een woord genoem word.

1.6 Al hierdie gebeure, insidente of selfs persone (soos die Beatles en Mandela) het 'n definitiewe invloed op die denkwyse van die tyd gehad en het 'n **heftige of kragtige reaksie by Jan Publiek** (die algemene publiek) ontlok. So het elke persoon byvoorbeeld sy eie mening daaroor of Hitler werklik boos was of nie, of die vrylating van Mandela werklik voordelig was.

1.7 Die 19de eeu was 'n tyd van vooruitgang, industrialisasie en ontwikkeling teenoor die 20ste eeu wat gekenmerk word deur oorloë en dramatiese insidente.

1.8 Dis 'n sielkundige toestand/vrees waaraan alle mense ly omdat die lewe so vinnig verander en hulle nie kan bybly nie.

**HAT-**verklaring: sielsiekte waarby kontak met die werklikheid verloor word en waarby die pasiënt aan delusies ly.

1.9 In paragraaf 8 stel die skrywer die leser voor aan die term "future shock" wat veroorsaak dat ons almal in 'n toestand van skok verkeer vanweë die snelle tempo van verandering. In paragraaf 9 verduidelik die skrywer dat hierdie skok voorheen nie bestaan het nie omdat veranderinge baie stadiger plaasgevind het. En dan in paragraaf 10 bring hy ons na 2022 en na die laaste groot sprong, die groot werklikheid van klimaatsverandering.

1.10 Die lang aanloop en uitsteltegniek skep spanning. OF Die lang aanloop kan meebring dat lesers nie verstaan hoe die skrywe pas by die opskrif nie en belangstelling in die teks verloor.

1.11 Die mens is die oorsaak van die huidige klimaatsverandering.

1.12 1.12.1 Al die sinne is baie kort en al die sinne staan alleen (alleenplasing).

1.12.2 Dit skep meer as blote beklemtoning – dit dra by tot die dramatiese effek van die drie sinne. (Dus byna soos 'n aftel na die laaste sin wat die klimaks van die drie sinne bevat.)

IEB Copyright © 2023

1.13 Ja, dit gee 'n gesaghebbendheid aan die argument/dit sluit aan by die vroeëre verwysings na die Christene wat dan 'n vloeiendheid of deurlopende motief aan die teks gee/dit ondersteun die gedagte dat God die aarde geskep het en dat die mens aan hom verantwoording moet doen as ons die aarde verwaarloos.

Nee, nie alle lesers gaan die Bybel as gesaghebbende geskrif erken nie.

1.14 Nee, dit is nie. Al behels haar voorspellings ook die einde van die wêreld, is haar voorspellings volgens die skrywer besig om waar te word, wat dit verhef tot meer as net "doom porn". Daar is gereelde vloede/oorstromings/ hittegolwe wat as bewys vir haar stellings kan dien.

1.15 Die kandidate moet een opsie kies en die keuse motiveer deur die betekenisimplikasie te verduidelik. 'n Kind sou beteken dat die Bybelse uitdrukking "uit die mond van die suigeling sal jy die waarheid hoor" hier van toepassing is/die waarheid is so duidelik dat selfs 'n kind dit kan raaksien. Het bring die betekenis na vore dat ons verdien wat ons kry en dat ons nie nou verbaas moet wees as die natuur antwoord nie. Ons bring die betekeniswaarde dat die mens die maker van sy eie ellende is en nou self moet verantwoordelikheid neem vir sy nalatigheid. Gewaarsku sou beteken dat daar tyd was om die saak reg te stel en ons dit geïgnoreer het.

1.16 'n Kind het ons gewaarsku dat ons besig is om die aarde te vernietig (9)/dat aardverwarming die mens se ondergang sal bewerk (8)/dat ons die gevolge van ons vernietigingswerk sal dra (9)/dat ons moet ophou praat en belowe en moet optree (10).

1.17 Die onderskrif ondermyn die geloofwaardigheid van die rubriek – wie sal hulle nou steur aan 'n afgetrede (m.a.w. oud en uit de oude doos) popster wat sy tyd verwyl met lawwe teorieë oor lewe op ander planete/
Kunstenaars lewer gewoonlik kommentaar op belangrike sake in die samelewing. Juis omdat Koos Kombuis al lank in die bedryf is, het hy oor jare 'n groot gehoor opgebou wat hom 'n uitstekende kandidaat maak om hierdie belangrike onderwerp onder Jan Alleman (ander gewone inwoners van suburbia) se aandag te bring.

(Die onderskrif gee 'n tikkie humor aan die teks wat 'n mens meer geneë maak om oor die saak te dink.)

1.18 **MS** Moeder Natuur wat hier voorgestel word ontken die bestaan van klimaatsverandering terwyl sy 'n meisie wat klimaatsverandering (aktivis Greta Thunberg) versinnebeeld, 'n pak slae gee.
Greta Thunberg word uitgebeeld as 'n stout kind wat grootmense pla omdat sy stout is en nie weet van seisoene nie – en dus nie op grond van feite optree nie en daarvoor behoort sy gestraf te word (deur 'n pak slae).
Die agtergrond van die prent ondersteun die siening. Alles is rooskleurig – die son skyn vrolik, daar is sneeu op die pole, die ysbere wat bedreig blyk te wees deur die sneeu wat smelt, lag Greta uit oor haar oningeligte, verregaande opmerkings.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 VOORBEREIDE GEDIGTE

### "Verse" deur Carina Stander

2.1 Strofe 3 se toon is vreesagtig/bang/bekommerd/angstig/angsbevange/ skok in kontras met die nostalgiese, gelukkige toon van die res van die gedig. "wyd oop oë"/"kreun onder die vuiste" / "die bulkende vrees" /"ek wil vlug" is 'n tipiese reaksie wanneer ons vrees/skok beleef. Die leser moet weet dat sy en haar man een nag in hulle huis aangeval is waar hy vir dood agtergelaat is terwyl sy daarin kon slaag om te vlug.

2.2 **MS** Aanvanklik word die "fluitlied van 'n herder" genoem wat die positiewe konnotasie en gedagtebeeld van 'n liefdevolle versorger oproep. Met die aanval verloor die musiek egter hierdie funksie wanneer fluit, klok, trompet en trom nie meer musiek voortbring nie, maar met die begin en verloop van die aanval in verband gebring word. Die klok kondig die begin van die aanval aan, die trompet verwys na 'n straal bloed uit sy long, en die trom is met dorings (wat pyn veroorsaak) oorgroei en die fluit verwys na sy oopgekloofde kop. Maar in die laaste strofe herwin musiek weer die positiewe konnotasie wanneer daar verwys word na Pa wat die lied "nader my God by U" fluit.

Sien na aan die hand van die nasienmatriks vir metingskaalvrae.

2.3 Sy skets die plaas in strofe 1 as 'n natuurlike en gelukkige ruimte wat sy assosieer met gelukkige, sorgvrye (kinder)dae. Ná die nagtelike aanval en die vrees (soos verwoord in strofe 3) skets sy die plaas as 'n ruimte waar sy die trauma kan verwerk, waar genesing kan plaasvind. Sy sluit dus af met 'n strofe vol hoop wat getuig van 'n hoopvolle uitkyk na die toekoms. Die verwysing na verskalwers bring ook die suggestie van nuwe lewe (en dus nuwe hoop) na die slotreël.

### " 'n Brief van hulle vakansie" deur Breyten Breytenbach

2.4 Die aksiewoorde swem, stap en speel word deur alliterasie van die s-klank gebind.

2.5 Die reën wat oor die see aankom maak sig moeilik/maak dit moeilik om die see te sien. Dit word vergelyk met 'n bruid wat 'n sluier oor haar gesig dra wat ook die sigbaarheid verhinder.

2.6 Hulle is gelowiges wat elke aand vir hulle kind bid. Hulle is hardwerkend/ fluks/prakties/handvaardig soos wat die eelte aan die pa se hande en die ma se bottels ingelegde perskes getuig. Hulle is eenvoudige, praktiese mense en nie noodwendig boekgeleerd nie soos blyk uit hulle gebruik van outydse boererate.

2.7 "Ongenaakbaar" (HOEF NIE AAN TE HAAL NIE).

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 ONGESIENE EN GESIENE GEDIGTE

3.1 Daar is 'n besonder goeie verhouding tussen hulle. Die hoofletter dui op die aanspreekvorm wat sy gebruik om met haar pa te praat – wat daarop dui dat sy spesifiek oor hom, as mens, as haar pa praat. "My Pa" beskryf meer as net 'n algemene vaderfiguur – dit gaan dan oor die spesifieke persoon met al sy eienskappe wat die spreker beskryf./Pa met hoofletter is die eienaam en my pa met kleinletter is die soortnaam. Die hoofletter dra die waarde dat dit nie net oor 'n iemand gaan nie, maar baie intiem gaan oor die mens wat sy Pa genoem het. Sy spreek haar pa direk aan – soos 'n liefdesnaampie. Die intimiteit word verder versterk deur die besitlike voornaamwoord "my". Volgens die gedig is sy een van 4 telge en 'n meer objektiewe benadering sou sy hom "Ons pa" kon noem.

3.2 Volgens ander mense se siening was hy eerder geken as 'n Iemand wat met sy kop in die wolke leef. Die spreker weet dat die teendeel waar is – hy het sy broer in daad bygestaan, hy is diep geraak deur die familie se optrede teenoor hulle pa. En dit is die dinge wat hom in haar oë onderskei van ander.

3.3 In Hambidge se gedig (teks 3 in die Addendum) word die kommas gebruik om juis elke eienskap wat opgenoem word te beklemtoon en dieselfde effek word verkry by die weglaat van die kommas in die Breytenbach-gedig (teks 2B in die Addendum).

3.4 Metafoor.
Die pa hou sy dogter geanker teen moontlike storms van die lewe en dit word vergelyk met die anker wat 'n skip of boot vashou en verhoed dat dit in storms wegdryf.

3.5 Die toon in elkeen van die gedigte dui op eer/hulde/respek/dankbaarheid. Die leser kry daarmee 'n eerstehandse ervaring/beeld van die ouer wat beskryf word./Dit gee 'n besonderse intieme beeld van die ouer wat beskryf word.

3.6 Die vrye vers het nie 'n vaste rympatroon nie/ die lengte van strofes en versreëls wissel/min leestekens kom voor. Enige TWEE)
Die spreker se vertelling/hulde aan die ouers word dus nie ingeperk of beperk nie. Dit loop uit op 'n natuurlike mededeling waarin die boodskap van die spreker aan en oor die ouers sentraal staan en sodoende beklemtoon word./ Die ervarings van die sprekers is uniek.

3.7 Al drie die vaderfigure word geskets as gelowiges. My pa bring alleentyd saam met God deur ("Sondag is dit net ek en my God" in "My Pa"). In die gedig "'n Brief van hulle vakansie" bid die pa (saam met die ma) vir sy kind ("die skamel offerande van hulle gebede/Gij Here God") en in "Verse" fluit die pa die lied ("nader my God by U")/In al die gedigte is die pa die emosionele versorger ("tot aan die einde van alle vrees" in "Verse"), in "My Pa" "'n man van raad" of "ankerman" en in Brief van hulle vakansie" "n held, 'n indoena"

Ken een punt toe vir die eienskap en die 2de punt vir die ondersteuning. Laat ook ruimte vir moontlike alternatiewe antwoorde.

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4 KRITIESE GELETTERDHEID

Bestudeer die koerantbrief (Teks 4A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Spoegwolf gaan ons per slot van rekening **'n klomp geld kos/baie duur wees**.

4.2 "Dit" verwys na Spoegwolf/Spoegwolf se konsert/rock-konserte en "ons" is die ouer garde/baby boomers

4.3 Sy gaan tent toe – nie om die musiek te geniet nie, maar om die vreugde-golwe te ervaar/ sy gaan ook met tussenposes na die musiektent toe en bly nie die heeltyd daar tussen die dawerende musiek nie en sy kon ook nie die woorde van die liedjies saamsing nie.

4.4 Volgens Generasie Z is Generasie X en Y (almal ouer as hulself) vervelig/stemmig/hou nie van pret nie/uit die oude doos/verkramp/ oningelig. Dis vir hulle skokkend dat die ouer generasie die konsert so geniet en hulle siening word verder die nek ingeslaan as die ouer generasies selfs die woorde van die liedjies ken wat bewys dat hulle toe nie so oningelig is as wat die jongeres gedink het nie.

4.5 Die ma is reeds oorlede/die ma is van 'n ouer generasie wat nie van rock-konserte sal hou nie/al was die konsert hemels/werklik iets besonders, is die plek waar haar ma haar bevind selfs beter.

4.6 Eintlik maar dieselfde as wat die Z'ers dink oor die X'ers en Y'ers – dat sy nie van die lawaaierigheid van die musiek sal hou nie/dat die konsert haar nie sou aanstaan nie/dat sy dus eintlik ook maar verstok en oningelig is.

4.7 **MS** Die pa probeer uitreik na die jonger generasie/probeer wys hy is op hoogte met die jonger generasie se bedrywighede en belangstellings. Om hierdie rede koop hy vir die tiener 'n Yoda-pop/speelding wat baie populêr is. Die tiener se frons en woorde spreek van verontwaardiging, want haar ek-verdien-dit ("entitled") lewenshouding oortuig haar dat sy eerder 'n kar moes kry. Die pa verstaan die situasie dus verkeerd en sit die pot heel mis – tot sy eie verbasing soos gewys in sy gefokusde kyk, die wenkbroue wat lig en afwaartse mondhoeke.

Gebruik die metingskaal om hierdie vraag na te sien.

IEB Copyright © 2023

4.8 **MS** Leerdergerigte vraag – leerder behoort vanuit 'n eie perspektief hulle generasie se grootste uitdaging te verwoord – op persoonlike vlak, maar ook die groter wêreld betrek.
Gebruik die metingskaal om hierdie vraag na te sien.
Ken twee punte toe indien die leerder 'n eie siening toon en wel aandag gee aan sy/haar eie lewe as tiener, maar ook fokus op die groter wêreld.
(Die volgende ter inligting: Volgens verskeie bronne is generasie Z se uitdagings sake soos omgewingskwessies, geestesgesondheid (met angs en depressie wat toeneem – aangevuur deur 'n prestasiekultuur), werksekerheid (en daarmee dan ook finansiële onsekerheid) en seksuele gewoontes. Hulle is minder finansieel gefokus en wil 'n verskil maak en is daarom aktiviste. Hierdie generasie is tegnologies bedrewe, gefokus op mensgerigte probleme en in voeling met kwessies soos maatskaplike geregtigheid.

4.9 As 'n mens kyk na die statistieke wat bewys dat hierdie generasie gemiddeld tot soveel as 9 uur per dag op hulle selfone besig is, is die benaming "slimfoon-generasie" sekerlik geregverdig. Hulle doen weliswaar baie dinge met die selfoon – bv. internetnavorsing – en alles is dus nie noodwendig negatief nie – maar nietemin is dit baie ure om op 'n selfoon besig te wees. Daar kan ook leerders wees wat redeneer dat hulle nie selfoon-afhanklikes is nie en dat die benaming dus nie geregverdig is nie.

Geen punt word vir "ja" of "nee" toegeken nie – oorweeg die kwaliteit van die motivering wat aangebied word.

4.10 Die leser word direk aangespreek ("jy")/Hierdie generasie wil gehoor word en wil hulle behoeftes dadelik bevredig hê ("entitlement").

4.11 Die merkers onderaan die advertensie dui aan dat die kliënt hulle Facebook-blad kan besoek of hulle op Twitter kan volg. Die webwerf kan besoek word of hulle kan telefonies gekontak/geskakel word.

4.12 4.12.1 In die bedrywende vorm word die klem op die produk geplaas – die Samsung Galaxy S7 en dit is die doel van die advertensie.

4.12.2 Elkeen van hierdie behoeftes en meer word deur die Samsung Galaxy S7 vervul.

4.12.3 Die gebruik van die lydende vorm plaas die fokus op die behoeftes van die koper, wat die oortuigingskrag van die advertensie kan verhoog.

4.12.4 Hierdie generasie word gekenmerk deur 'n kompetisiekultuur. Kandidate kan dus verwys na die behoefte om te hê wat jou maat het/om 'n beter foon as jou maat te hê/om ryk voor te kom.

4.13 Samsung – dis mos die lewe!
Let op enige gepaste alternatiewe antwoorde

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 5 REDIGERINGSVAARDIGHEDE

5.1 "Dit het vir ons onskatbare waarde om een van vier matriekkwalifikasies wat wêreldwyd aanvaar word in ons moedertaal te kan bied", het hy gesê.

Let op die komma NÁ die sluiting van die aanhalingstekens.

5.2 Ingenieurswese gaan daaroor om probleme op te los, dinge reg te maak en te verbeter.

(komma OF kommapunt in die plek van die eerste "en")

5.3 "Swot" word studeer.

5.4 teoretiese

5.5 programmering

5.6 wêreldwyd

5.7 Omdat baie besighede en beroepe nou na die rigting oorskakel, sal daar waarskynlik 'n hoë aanvraag wees./Vanweë die feit dat baie besighede en beroepe nou na die rigting oorskakel, sal daar waarskynlik 'n hoë aanvraag wees.

5.8 BRek-graad Samestelling met 'n afkorting/verbinding met 'n konstruksie wat nie 'n woord is nie AWS: As die eerste deel van 'n samestelling iets anders as 'n woord is (bv. syfer, simbool) word dit met 'n koppelteken aan die res van die samestelling gekoppel (7.1)

5.9 D Noord-wes-universiteit

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 6 OPSOMMING

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

| Uitstekend | Goed | Gemiddelde | Ondergemiddeld | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 8 | 6½ | 5 | 3 |
| 9 | 7½ | 6 | 4½ | 2 |
| 8½ | 7 | 5½ | 4 | 1 |

Nota: In die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (Hulle antwoorde op Vraag 6) en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

**Uitstekend:** Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle relevante inligting suksesvol uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

**Goed:** Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies.** Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

**Gemiddeld:** Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie.** Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhalings of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van volsinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

**Ondergemiddeld:** Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

IEB Copyright © 2023

**Baie swak:** Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Noudat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtelling aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtelling aangedui is.

Die opdrag is om 'n bekendstellingstoespraak se teks te skryf waarin die kunstenaar Early B aan die publiek bekend gestel word. Omgangstaal kan gebruik word, maar geen Engelse of sleng woorde nie. Wat die vorm aanbetref, moet die opsomming in paragraafvorm geskryf word. Die teks moet tussen 90 en 100 woorde lank wees.

**Die volgende feite omtrent Early B kom in die teks voor – die kandidate kan dit gebruik om hulle vrae en antwoorde vir die rubriek te formuleer.**

- Early B het met 'n selfgemaakte video van die liedjie "Leka Djy" bekend geraak op YouTube.
- Die liedjie het 3,5 miljoen trefslae op YouTube gehaal.
- Sy sukses is opgevolg met 'n klomp nuwe liedjies en verskeie musiekpryse.
- Deesdae trek hy groot gehore – selfs in Europa.
- Early B erken graag sy ouers se rol in sy vorming as mens en kunstenaar.
- Saam met medekletsrymers het hy kreatiewe planne gemaak om sy musiek te versprei.
- Early B se musiekloopbaan is gebou op die leuse: gebruik wat jy het.
- Aanvanklik het hy getwyfel oor die sukses van 'n sololoopbaan.
- Hy tree gereeld saam met 'n verskeidenheid ander bekende kunstenaars op.
- Sy musiekvideo's is suksesvol danksy sy opleiding in rolprentkuns en vervaardiging.
- Hy het rolle vertolk in twee televisiereekse.
- Vir Early B is sy groot sukses steeds 'n verrassing.

**Belangrik:**

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie.

Woordtelling: Tussen 90 en 100 woorde.

Blooms-vlakverdeling vir Vraag 6:

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punt | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |

IEB Copyright © 2023

## METINGSKAAL

Hierdie metingskaal word gebruik om die volgende vrae na te sien: 1.18, 2.2, 4.7, 4.8.

| VLAK EN BESKRYWINGS | 3 PUNTE | 2 PUNTE |
|---|---|---|
| **Die uitstekende/baie goeie respons**<br>• Is volledig/gedetailleerd met spesifieke verwysing na die gegewe teks en opdrag;<br>• Maak insigryke/spesifieke konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Integreer alle elemente, toon 'n duidelike begrip van hoe dele bydra tot 'n groter geheel;<br>• Maak gebruik van gesofistikeerde taalgebruik. | 3 | 2 |
| **Die redelike respons**<br>• Maak redelike verwysing na die gegewe teks en die opdrag;<br>• Maak konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Gee 'n bewys/bewyse dat die konteks begryp word;<br>• Toon 'n gedeeltelike begrip van die samehangende geheel;<br>• Maak gebruik van redelik goeie taalgebruik. | 2 | 2<br>of<br>1½ |
| **Die onvolledige respons**<br>• Verwys na die teks en/of opdrag in die algemeen;<br>• Is soms onakkuraat en oorvereenvoudig;<br>• Demonstreer konkrete denke en 'n onvolledige begrip van die elemente;<br>• Maak gebruik van swak taalgebruik wat steurend word. | 1 | ½ |
| **Die onvoldoende respons**<br>• Verwys glad nie na die teks en/of die opdrag nie;<br>• Beantwoord nie werklik die vraag nie weens 'n gebrek aan begrip;<br>• Maak gebruik van ontoereikende taalgebruik;<br>• Of verskaf geen poging om die vraag te beantwoord nie. | 0 | 0 |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023